



KINDERHOEKIE

SUIDERKRUIS
'n Gemeente vir Oud en Jonk

ONDER ONS
Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk en Hester de Beer
Tel & Faks 018 294 7939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: Suiderkruis Gemeente Potchefstroom

22 JANUARIE 2023

Lees Johannes 2:1-11

JESUS VERANDER WATER IN WYN

Maats, lees eers die skrifgedeelte, daarna kan jy die 15 verskille soek tussen die twee prentjies.



**DAGBOEK
VANDAG**

- 08:00 Koffie en tee in die foyer
- 09:00 Oggenddiens
- 10:00 Koffie en tee in die foyer

Woensdag

- 08:30 Oudejeugaksie – sien berig elders

Sondag 29 Januarie

- 08:00 Koffie en tee in die foyer
- 09:00 Oggenddiens en Registrasie vir kategese
- 10:00 Koffie en tee in die foyer

OUDEJEUAGKSIE

Liewe Oudejeug vriende en vriendinne, onthou asb ons afspraak op 25 Januarie 2023, stiptelik om 08:30 by die kerk sodat ons dadelik na De Land kan vertrek vir ons vergadering om 09:00, daarna geniet ons KOFFIE en SCONE op eie onkoste @ R50 per persoon. Probeer asb om saam te gaan, groetnis
- Johanna en Martie

**Ek gee hulle die ewige lewe,
en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore
gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand
ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het,
is die belangrikste van almal,
en niemand kan hulle uit die hand van die
Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.
- Johannes 10:28-30**



GEBEDSLYS

Bid asb vir:

- Frans en Marie Marx met die afsterwe van Frans se suster. Die roudiens vind plaas op Saterdag 28 Januarie
- Tommie en Roos Botha met die afsterwe van Roos se moeder. Haar roudiens was Vrydag gewees.



MY KOMPAS VIR 2023

Die eerste Petrusbrief bied lewensbelangrike padwysers vir ons as kinders van die Here oor hoe om vir Hom te leef in 'n nie-gelowige wêreld. Hier is 'n paar lewensbelangrike tekste, wat vanjaar as my eie kompas gaan dien (aangehaal uit: Die Nuwe Nuwe Testament):

1 Petrus 2:21: "Dit is julle roeping: Christus het vir julle gely. So het Hy vir julle 'n voorbeeld gegee, sodat julle in Sy voetspore kan volg."

In 2023 gaan ek in Jesus se voetspore volg. Ek gaan opnuut by Hom leer hoe om in liefde te leef. Ek gaan nooit kwaad met kwaad vergeld nie. Woede en haat gaan geen verblyfreg in my hart kry nie. Skerp woorde gaan nooit welkom op my tong wees nie.

1 Petrus 2:17: "Respekteer almal. Julle moet julle medegelowiges liefhê; julle moet vir God ontsag hê en die koning eer."

In 2023 gaan ek aan ander in die Here se Naam goed doen.

1 Petrus 5:5: "Almal, sonder uitsondering, moet onderlinge nederigheid soos klere aan hulle lyf dra. Immers, God wil niks van mense weet wat dink hulle is belangriker as ander nie, maar Hy is baie genadig teenoor hulle, wat hulle regte plek ken."

In 2023 gaan ek opkyk na oud en jonk. Ek gaan nooit dink ek is te belangrik om ander mense met deernis raak te sien nie. Ek gaan nederig wees.

1 Petrus 5:6-7: 6. "Wees daarom opreg nederig voor die kragtige God, sodat Hy julle op Sy tyd tot 'n posisie van eer kan verhoog. Hy gee baie vir julle om. Gee daarom al julle angste en bekommernisse vir Hom."

In 2023 gaan ek nederig leef in die teenwoordigheid van God. Ek gaan al my bekommernisse by Hom neersit en Hom vertrou met my hele lewe.

Ek gaan oopkop en sober leef. Ek gaan my nie deur elke nuwe wind van koers af laat waai nie. Ek gaan sterk staan in my geloof.

-Stephan Joubert [eKerk]

VERJAARSDAGLYS

Vandag: CJ Bouwer

23 Januarie: Geen verjaarsdae

24 Januarie: Geen verjaarsdae

25 Januarie: Jaco Fincham,
Franzené Nell

26 Januarie: Gert Fouché,
Gerhard Rossouw, Jaap Theron

27 Januarie: Geen verjaarsdae

28 Januarie: Geen verjaarsdae



DIE WEELDE VAN DIE DRIE-EENHEID

In Rom 8 pas Paulus dit baie mooi toe op ons elke-dagse situasie. Jy ken mos die hoofstuk, waar hy uitspel hoe die Heilige Gees in ons lewens werk sodat ons geloofsekerheid kan hê (kyk gerus na vers 14-16). En dan, aan die einde van die hoofstuk, skryf hy in vers 26-27: "Die Gees staan ons ook in ons swaakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges."

In vers 31 sê hy: "God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?"

En in vers 34: "Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons."

Die Gees bid vir ons en namens ons. Die Vader is aan ons kant. Die Seun pleit vir ons.

Die Drie-enige God is in al God se wysheid, besorgdheid, liefde en voorsiening by ons elkeen

betrokke as Vader, Seun en Gees. Wat 'n wonderlike weelde om ons te verbly en te troos!

-Jaco Thom

DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- R2-projek: Vat 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollekesakkie.
- Koperkruik-projek: Gooi al u "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- 2e-Handse snuffelwinkel: Indien u enigiets het wat tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel [0729005005].
- Mandjieprojek **- Elize**



IS JY WIE JY MOET WEES?

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe." - Romeine 12:2.

Ons is soms geneig om ander mense na te volg sodat ons nie uitgesluit sal voel nie. Daarom dink en doen ons soos hulle. Dit word dan die norm waarteen ons onself meet. En as jy dalk nie met alles saamstem nie, weerhou jy jou tog daarvan om jou eie beginsels voorop te stel. Jy is bang vir "wat die mense sal sê!" En hierdie "groepsdruk" mag dalk net 'n bedreiging vir jou geestelike lewe inhou.

Maar die Woord van God laat jou anders na hierdie dinge kyk. As jy in die lig van God se Woord wandel, behoort jy te weet dat jy 'n Hemelse Vader het wat die skat van die Heilige Gees aan jou gegee het, sodat sy wil voorop in jou lewe kan staan. Daarvoor het Hy sekere geestelike gawes aan jou gegee (1 Kor 12:7-11; Rom 12:6-8; 1 Pet 4:10-11; Gal 5:22). Verder weet jy dat wat vandag bestaan, dalk môre nie meer sal wees nie, omdat alles op aarde aan verganklikheid onderworpe is

(Ps 39:6). Jy weet dat wat in die verlede gebeur het waaroor jy berou het, nie saak maak by God nie, omdat Hy in Christus Jesus al jou sondes vergewe het (Heb 10:17). Jy weet dat wat die Here aan jou geskenk het, jy vandag met vreugde kan geniet, maar dat daar ook 'n verantwoordelikheid is om die Naam van God in alles te verheerlik (1 Tim 6:17). Jy weet dat die toekomst in God se hande is en dat Hy alleen weet wat op jou wag, omdat Hy die beskikker is van jou lewensweg - as jy maar net wil volg waarheen Hy jou lei (Ps 32:8). Jy weet dat ná hierdie aardse lewe daar 'n nuwe lewe op jou wag in die heerlijkheid van die Vaderhuis (Joh 17:24; Mat 25:34; Rom 8:17; 1 Tes 4:17; Open 21:4). Dit moet jou denke en dade bepaal en hoe jy met ander omgaan.

En omdat die Heilige Gees in jou woon, kan jy ook die waarheid van die leuen onderskei. Hy rig jou hart en jou verstand sodat dit wat vir God aanneemlik is, by jou meer gewig sal dra as dit wat die mense rondom jou sê en doen (Heb 13:21). As jy leef na die wil van God en nie omgee oor wat mense sê nie, nie dink en doen soos hulle nie, dan kan jy wees wie jy werklik MOET wees, bevry van die groepsdruk en goedkeuring van ander mense wat jou optrede wil bepaal. Jy word dan 'n sterk en vrygestelde persoonlikheid deur die krag van die Heilige Gees wat in jou woon. Jy raak jou ware self, soos God dit vir jou bestem het. **-dw**

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS


Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien
Elektroniese betaling:
EFT of Zapper
Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid



Absa Tjekrekeningnr 680580049
Takkode 632005

U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



Ek wil my debiet-order verhoog, kontak my asb.	Naam:
	Selno: